# Hoofstuk van die dag: Matteus 26

> *Toe het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My." (vers*

*37b-38)*

Jesus het geweet dat dit nie maar net 'n gewone menslike dood is, soos ons almal eendag sal deurmaak, wat op Hom wag nie. Hy het geweet dat Hy vir die hele wêreld se sonde, ons almal se sonde, gestraf sou word. Hy het geweet dat Hy God se woede oor die sonde sou moes verduur, dat God Hom sou doodmaak oor die sonde wat Hy op Hom geneem het. Daarom het Hy daarvan teruggedeins, met God in gebed geworstel daar in Getsemane, want dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val (Heb 10:31). Daaroor gaan sy worsteling daardie nag in Getsemane: nie net omdat Hy geweet het Hy sou doodgemaak word nie, maar oor die verskriklikheid van wat Hy moes doen: dat Hy die sonde van die wêreld moes dra en God se oordeel moes verduur.

Tog, al het Jesus dit alles geweet, het Hy op die end aangegaan, van sy knieë af opgestaan en na Golgota gegaan, want Hy het ons lief. Dís die wonderlike Jesus wat ons volg.

Het jy al vir Hom daarvoor dankie gesê?

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026